NETWERK24
AL DIE NUUS, ALTYD BYDERHAND
Begroting 2016

# 10 maniere hoe die begroting jou sak raak

Deur Hanlie Stadler24 Februarie 2016 16:57
email

**Jy het eintlik redelik lig daarvan afgekom, so sê maar vanaand dankie vir Pravin Gordhan – dalk deur vir oulaas 'n drankie te drink... Só raak die begroting jou sak (kyk die video, dit het lekker musiek by!).**

## 1. Inkomstebelasting

Van die verwagte welvaartbelasting op superrykes het toe niks gekom nie. Almal – van die mense wat die minste verdien tot dié wat die meeste verdien – gaan minder inkomstebelasting betaal. Maar mense met 'n lae inkomste gaan die grootste voordeel trek. Die tesourie bereken byvoorbeeld dat iemand wat R85 000 per jaar verdien, 11,9% minder inkomstebelasting sal betaal, terwyl iemand wat R1 miljoen per jaar verdien, 0,6% minder inkomstebelasting sal betaal.

Mense wat minder as R75 000 per jaar verdien, sal nie meer belasting hoef te betaal nie (dit was R73 650).

Die belastingkortings word ook effens verhoog, tot R13 500 (dit was R13 257).

**Persoonlike-inkomstebelastingkoerse en belastingdrempels**

**Tans (2015-2016)**

| BELASBARE INKOMSTE | BELASTINGKOERS |
|---|---|
| R0 - R181 900 | 18% van elke R1 |
| R181 901 - R284 100 | R32 742 + 26% van bedrag meer as R181 900 |
| R284 101 - R393 200 | R59 314 + 31% van bedrag meer as R284 100 |
| R393 201 - R550 100 | R93 135 + 36% van bedrag meer as R393 200 |
| R550 101 - R701 300 | R149 619 + 39% van bedrag meer as R550 100 |
| R701 301 en meer | R208 587 + 41% van bedrag meer as R701 300 |

| | BELASTINGKORTING | BELASTINGDREMPEL |
|---|---|---|
| Jonger as 65: | R13 257 | R73 650 |
| 65 jaar en <75: | R7 407 | R114 800 |
| 75 jaar en ouer: | R2 466 | R128 500 |

**Só verander dit (2016-2017)**

| BELASBARE INKOMSTE | BELASTINGKOERS |
|---|---|
| R0 - R188 000 | 18% van elke R1 |
| R188 001 - R293 600 | R33 840 + 26% van bedrag meer as R181 900 |
| R293 601 - R406 400 | R61 296 + 31% van bedrag meer as R293 600 |
| R406 401 - R550 100 | R96 264 + 36% van bedrag meer as R406 400 |
| R550 101 - R701 300 | R147 996 + 39% van bedrag meer as R550 100 |
| R701 301 en meer | R206 964 + 41% van bedrag meer as R701 300 |

| | BELASTINGKORTING | BELASTINGDREMPEL |
|---|---|---|
| Jonger as 65: | R13 500 | R75 000 |
| 65 jaar en <75: | R7 407 | R116 150 |
| 75 jaar en ouer: | R2 466 | R129 850 |

Grafika24

# Inkomstebelasting betaalbaar

## Belastingbetalers jonger as 65 jaar

| BELASBARE INKOMSTE | 2015 | 2016 | SPAAR* | %-VERANDERING |
|---|---|---|---|---|
| R85 000 | 2 043 | **1 800** | **243** | -11,9 |
| R90 000 | 2 943 | **2 700** | **243** | -8,3 |
| R100 000 | 4 743 | **4 500** | **243** | -5,1 |
| R120 000 | 8 343 | **8 100** | **243** | -2,9 |
| R150 000 | 13 743 | **13 500** | **243** | -1,8 |
| R200 000 | 24 191 | **23 460** | **731** | -3 |
| R250 000 | 37 191 | **36 460** | **731** | -2 |
| R300 000 | 50 986 | **49 780** | **1 206** | -2,4 |
| R400 000 | 82 326 | **80 780** | **1 546** | -1,9 |
| R500 000 | 118 326 | **116 460** | **1 866** | -1,6 |
| R750 000 | 215 297 | **213 431** | **1 866** | -0,9 |
| R1 000 000 | 317 797 | **315 931** | **1 866** | -0,6 |

## Belastingbetalers ouer as 65 jaar

| BELASBARE INKOMSTE | 2015 | 2016 | SPAAR* | %-VERANDERING |
|---|---|---|---|---|
| R120 000 | 936 | **693** | **243** | -26 |
| R150 000 | 6 336 | **6 093** | **243** | -3,8 |
| R200 000 | 16 784 | **16 053** | **731** | -4,4 |
| R250 000 | 29 784 | **29 053** | **731** | -2,5 |
| R300 000 | 43 579 | **42 373** | **1 206** | -2,8 |
| R400 000 | 74 919 | **73 373** | **1 546** | -2,1 |
| R500 000 | 110 919 | **109 053** | **1 866** | -1,7 |
| R750 000 | 207 890 | **206 024** | **1 866** | -0,9 |
| R1 000 000 | 310 390 | **308 524** | **1 866** | -0,6 |

## 75 jaar en ouer

| BELASBARE INKOMSTE | 2015 | 2016 | SPAAR* | %-VERANDERING |
|---|---|---|---|---|
| 150 000 | 3 870 | **3 627** | **243** | -6,3 |
| 200 000 | 14 318 | **13 587** | **731** | -5,1 |
| 250 000 | 27 318 | **26 587** | **731** | -2,7 |
| 300 000 | 41 113 | **39 907** | **1 206** | -2,9 |
| 400 000 | 72 453 | **70 907** | **1 546** | -2,1 |
| 500 000 | 108 453 | **106 587** | **1 866** | -1,7 |
| 750 000 | 205 424 | **203 558** | **1 866** | -0,9 |
| 1 000 000 | 307 924 | **306 058** | **1 866** | -0,6 |

*Kyk hoeveel belasting bespaar jy van 1 Maart

Grafika24

# Persoonlike-inkomstebelastingkoerse en belastingdrempels

**Tans (2015-2016)**

| BELASBARE INKOMSTE | BELASTINGKOERS |
|---|---|
| R0 - R181 900 | **18% van elke R1** |
| R181 901 - R284 100 | **R32 742 + 26%** van bedrag meer as **R181 900** |
| R284 101 - R393 200 | **R59 314 + 31%** van bedrag meer as **R284 100** |
| R393 201 - R550 100 | **R93 135 + 36%** van bedrag meer as **R393 200** |
| R550 101 - R701 300 | **R149 619 + 39%** van bedrag meer as **R550 100** |
| R701 301 en meer | **R208 587 + 41%** van bedrag meer as **R701 300** |

| | BELASTINGKORTING | BELASTINGDREMPEL |
|---|---|---|
| Jonger as 65: | R13 257 | R73 650 |
| 65 jaar en <75: | R7 407 | R114 800 |
| 75 jaar en ouer: | R2 466 | R128 500 |

**Só verander dit (2016-2017)**

| BELASBARE INKOMSTE | BELASTINGKOERS |
|---|---|
| R0 - R188 000 | **18% van elke R1** |
| R188 001 - R293 600 | **R33 840 + 26%** van bedrag meer as **R181 900** |
| R293 601 - R406 400 | **R61 296 + 31%** van bedrag meer as **R293 600** |
| R406 401 - R550 100 | **R96 264 + 36%** van bedrag meer as **R406 400** |
| R550 101 - R701 300 | **R147 996 + 39%** van bedrag meer as **R550 100** |
| R701 301 en meer | **R206 964 + 41%** van bedrag meer as **R701 300** |

| | BELASTINGKORTING | BELASTINGDREMPEL |
|---|---|---|
| Jonger as 65: | R13 500 | R75 000 |
| 65 jaar en <75: | R7 407 | R116 150 |
| 75 jaar en ouer: | R2 466 | R129 850 |

Grafika24

# Inkomstebelasting betaalbaar

## Belastingbetalers jonger as 65 jaar

| BELASBARE INKOMSTE | 2015 | 2016 | SPAAR* | %-VERANDERING |
|---|---|---|---|---|
| R85 000 | 2 043 | **1 800** | **243** | -11,9 |
| R90 000 | 2 943 | **2 700** | **243** | -8,3 |
| R100 000 | 4 743 | **4 500** | **243** | -5,1 |
| R120 000 | 8 343 | **8 100** | **243** | -2,9 |
| R150 000 | 13 743 | **13 500** | **243** | -1,8 |
| R200 000 | 24 191 | **23 460** | **731** | -3 |
| R250 000 | 37 191 | **36 460** | **731** | -2 |
| R300 000 | 50 986 | **49 780** | **1 206** | -2,4 |
| R400 000 | 82 326 | **80 780** | **1 546** | -1,9 |
| R500 000 | 118 326 | **116 460** | **1 866** | -1,6 |
| R750 000 | 215 297 | **213 431** | **1 866** | -0,9 |
| R1 000 000 | 317 797 | **315 931** | **1 866** | -0,6 |

## Belastingbetalers ouer as 65 jaar

| BELASBARE INKOMSTE | 2015 | 2016 | SPAAR* | %-VERANDERING |
|---|---|---|---|---|
| R120 000 | 936 | **693** | **243** | -26 |
| R150 000 | 6 336 | **6 093** | **243** | -3,8 |
| R200 000 | 16 784 | **16 053** | **731** | -4,4 |
| R250 000 | 29 784 | **29 053** | **731** | -2,5 |
| R300 000 | 43 579 | **42 373** | **1 206** | -2,8 |
| R400 000 | 74 919 | **73 373** | **1 546** | -2,1 |
| R500 000 | 110 919 | **109 053** | **1 866** | -1,7 |
| R750 000 | 207 890 | **206 024** | **1 866** | -0,9 |
| R1 000 000 | 310 390 | **308 524** | **1 866** | -0,6 |

## 75 jaar en ouer


| BELASBARE INKOMSTE | 2015 | 2016 | SPAAR* | %-VERANDERING |
|---|---|---|---|---|
| 150 000 | 3 870 | **3 627** | **243** | -6,3 |
| 200 000 | 14 318 | **13 587** | **731** | -5,1 |
| 250 000 | 27 318 | **26 587** | **731** | -2,7 |
| 300 000 | 41 113 | **39 907** | **1 206** | -2,9 |
| 400 000 | 72 453 | **70 907** | **1 546** | -2,1 |
| 500 000 | 108 453 | **106 587** | **1 866** | -1,7 |
| 750 000 | 205 424 | **203 558** | **1 866** | -0,9 |

1/2

## 2. Brandstofheffings

Jy gaan vanaf 1 April altesame 30c per liter méér vir brandstof betaal omdat die brandstofprysheffing styg. Die Padongelukfondsheffing bly onveranderd nadat dit in 2015 met 50c per liter gestyg het.

In 2015 was die total styging 80,5c per liter ná ’n 50c-styging in die Padongelukfondsheffing.




## 3. “Sondebelastings”

Jy gaan hoes as jy rook of graag ’n drankie wegslaan.

’n Pakkie van 20 sigarette sal jou 82c meer kos (In 2015 was die verhoging ook 82c.)

’n Blikkie bier van 340 ml sal jou 11c meer kos (7c in 2015)

’n Bottel wyn van 750 ml sal jou 18c meer kos (19c in 2015)

’n Bottel hardehout (soos whisky, brandewyn of wodka) sal 77c meer kos.

’n Bottel vonkelwyn sal 59c meer kos (48c in 2015).

## 4. Staatstoelaes

Ouderdomspensioen, ongeskiktheidstoelaes en afhanklikheidsorgtoelaes (vir gestremde kinders) styg in April met R80 en in Oktober met nog R10 tot R1 505.

Pleegsorgtoelaes styg met R30 tot R890.

Kindertoelaes styg met R20 tot R350.

## 5. Mediese kortings

Die belastingkrediet vir mense met mediese fondse verhoog van R270 tot R286 van Maart af vir die eerste twee begunstigdes op ’n skema en van R181 tot R192 vir bykomende begunstigdes.

## 6. BTW

Belasting op toegevoegde waarde (BTW) bly onveranderd op 14%. Dit is laas in 1993 verhoog.

## 7. Kapitaalwinsbelasting

Die persentasie kapitaalwins waarop jy belas word, styg van 33,3% tot 40%. Dit beteken jou effektiewe belastingkoers op kapitaalwins styg van 13,7% tot 16,4% vir individue. Maatskappye en trusts sal voortaan op 80% van hul kapitaalwins belas word, pleks van 66,6%.

## 8. Oordragkoste

Die oordragkoste op eiendom van meer as R10 miljoen wat verkoop word, styg van 11% van die verkoopwaarde tot 13%.

## 9. Plastieksakke

As jy plastieksakke gebruik om jou honde se landmyne op te tel, moet jy dalk ’n ander plan maak. Die heffing op sakke styg met 2c tot 8c per sak.

## 10. Suikerbelasting

Vanaf 1 Maart 2017 gaan jy opdok as jy ’n soettand het vir Coca-Cola of ander suikerdrankies.